



## Villa Byvoegmiddel Wenk van die Maand

# SWAK TOESTANDE IS DIE WARE TOETS VIR BYVOEGMIDDELS

Deur Brian de Villiers

Ons hoor dikwels dat 'n ongeregisteerde byvoegmiddel saam met 'n gewasbeskermingsprodukt (GBP) toegedien is met geen verskil in effektiwiteit wanneer dit met die geregisteerde opsie vergelyk word nie. Daar word aangeneem dat die byvoegmiddels ewe effektief is en dat dit enige tyd sonder probleme omgeruil kan word. Dit is 'n verkeerde persepsie. Hierdie aannames word dikwels gemaak wanneer byvoegmiddels onder optimale toestande vergelyk word. Dit is normaal vir verskillende byvoegmiddels om soortgelyk onder optimale toestande te presteer, maar dit is nie die geval onder swak toestande nie. Dit is waar die verskille tussen produkte blootgestel word en byvoegmiddel keuse aanvaarbare of onaanvaarbare beheer kan veroorsaak.

### Effektiwiteit

Byvoegmiddels werk op drie verskillende plekke - in die water, in die lug en op die plant. Indien die waterkwaliteit, druppelspektrum, weerstoestande en vorm van die spuitdruppel op die blaar altyd optimaal is, sal byvoegmiddel keuse nie veel van 'n verskil maak nie. Die probleem is dat toestande selde optimaal is en dat daar dikwels probleme met waterkwaliteit, weerstoestande, bedekking, vorm van die druppel neerslag en opname is. Dit is wanneer die verskille tussen byvoegmiddels baie opmerklik in die vorm van die GBP se effektiwiteit word. Byvoegmiddels is ontwerp om met elkeen van hierdie belangrike aspekte te help om optimale effektiwiteit te verseker. Indien slegs een van hierdie prosesse benadeel word, sal effektiwiteit afneem. Subtiele verskille tussen byvoegmiddel effektiwiteit word soms deur optimale omgewingstoestande verskans. Hierdie verskille word egter onder swak toestande ontbloot. Dit is wanneer byvoegmiddel keuse 'n massiewe verskil maak. Selfs 'n klein verskil in effektiwiteit kan tot oneffektiewe beheer lei. Byvoegmiddel keuse is krities om aanvaarbare beheer te verseker.

### Gewasskade

Dit is moeilik om te glo dat die verkeerde byvoegmiddel keuse ook fitotoksiteit kan veroorsaak. Dieselfde byvoegmiddel keusebeginsels wat op effektiwiteit van toepassing is, is ook op fitotoksiteit van toepassing. Die verkeerde byvoegmiddel sal oneffektief wees om die invloed van waterkwaliteit en weerstoestande te bekamp. Dit sal ook 'n verskillende spuitdruppelneerslag vorm en die opname verminder of vertraag. 'n Vertraagde opnameproses sal die GBP vir 'n verlengde periode ontbloot op die blaaroppervlak laat. Dit sal nie net die effektiwiteit verlaag nie, maar kan ook moontlik gewasskade veroorsaak. GBPe wat nie in die korrekte fisiese vorm neergelê word nie, of aan 'n verlengde opnameproses blootgestel word, kan ernstige gewasskade veroorsaak. Byvoegmiddels is gewoonlik baie veilige produkte wat selde die direkte oorsaak van gewasskade is. Die verkeerde produk keuse kan egter indirek fitotoksiteit veroorsaak, wat byvoegmiddel keuse krities maak.

### Villa se mening

Ongunstige toestande sal die verkeerde byvoegmiddel keuse in die vorm van oneffektiwiteit of gewasskade blootstel. Dit is belangrik om die etiketaanbevole produk te gebruik. Indien die byvoegmiddel handelsnaam of aktiewe bestanddeel onbeskikbaar is, kontak jou bemarkingsadviseur vir 'n geregisteerde en effektiewe alternatief. Moenie die oorsaak van swak effektiwiteit of gewasskade as gevolg van verkeerde byvoegmiddel keuse wees nie. Kontak vir Pierré Strydom op 073 342 1426 of Pstrydom@WinFieldUnited.co.za vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit.

In die tenk. In die lug. Op die teiken.

